South African Wood Preservers Association

Nuusbrief 245

Desember 2024

SAWPA wens al ons lede en hulle geliefdes 'n rustige en geseënde Kersfees en feesseisoen toe, asook 'n veilige terugkeer in die nuwe jaar.

Neem kennis dat die SAWPA kantore om 12:00 nm op die 13de Desember sal sluit en eers weer op Maandag die 13de Januarie sal heropen.

NUUTSTE OOR DIE PUBLIKASIE VAN RISIKOOPNAMES EN KENNISGEWINGS VIR VRYSTELLING EN VOORTEGESETTE GEBRUIK VAN GHS 1A & 1B CMR GEKLASSIFISEERDE HOUTVERDUURSAMINGSMIDDELS

Die proses om publiekekennisgewings in die Staats- en 'n Nasionalekoerant te publiseer sal waarskynlik met die intrapslag in die nuwe jaar begin. Die publiek word dan die geleentheid gegee om die risikobepalings vir die geraakte chemikalieë te bestudeer en het dan 30 dae om kommentaar in te dien aan die Registrateur. Toegang tot die risikobepalings sal d.m.v. aanlyn skakels in die kennisgewing deurgegee word. Alle kommentaar wat ontvang word, word dan aan die Registrasiehouers van die chemikalieë gestuur om op terugvoer te gee. Sodra die proses afgehandel is sal die Registrasiehouers hul aansoeke om vrystelling indien by die Registrateur. Die sperdatum waarteen die vrystelproses afgehandel moet wees is 31 Mei 2025.

REGISTRASIE VAN AANLEGTE AS PLAAGBEHEEROPERATEURS

Teen die tyd behoort die meerderheid behandelaarslede al met die voorbereiding van hul plaagbeheeroperateurs registrasies begin het en regmaak om die oorspronklike aansoekdokumente aan SAWPA te versend vir indiening namens hulle. SAWPA het onlangs gedetailleerde instruksies en voorbeelde per e-pos deurgegee om te verseker dat die aansoeke korrek en volledig ingedien word. Tot dusver het SAWPA 16 aansoeke by die Departement van Landbou ingedien, rofweg 25 % van die lede-aanlegte. Lede wat nog nie begin het met die saamstel van hul aansoek nie word dringend versoek om met die proses te begin. Ons beplan nog een finale afgee van aansoeke aan die Departement van Landbou op die 12de Desember. Aansoeke wat dus reg is vir indiening moet so versend word dat dit ons kantore rondom middagete op 11de Desember bereik. Daarna sal ons eers weer vanaf 13 Januarie aansoeke kan ontvang vir verdere indiening.

U word herinner dat die aansoekvorm (kompleet soos aan lede deurgegee), en ook alle ondersteunende dokumente die oorspronklike ingevulde, getekende en gewaarmerkte kopieë moet wees. Die gewaarmerkte dokumente **moet** die oorspronklik gewaarmerkte en getekende weergawes wees soos deur die Kommissaris van Ede gesertifiseer, i.e. nie afskrifte daarvan nie. Die gewaarmerkte dokumente is die:

- verklaring op bl 5 van die aansoekvorm,
- ID dokument van bestuurverteenwoordiger wat die vorm voltooi het,
- sertifiseringsliggaam permit/te,

- skedules van die permit/te wat die maatskappy naam en adres aandui, die SANS standaarde waarvoor gesertifiseer, die preserveermiddel/s, H-klasse en prosesse wat gebruik word, en dan
- die NRCS “Letter of Authority” (LOA) wat die inligting in lyn met die sertifiseringspermit/te en skedule/s vertoon.

Die aansoek en ondersteunende dokumente moet ook vergesel word van die bewys van betaling van die PCO aansoekfooi. Moet asb. nie huiwer om met SAWPA te skakel indien daar enige onduidelikheid of vrae is nie. Ons beveel ten sterkste aan dat u die volledige aansoekvorm en ondersteunende dokumente skandeer en aan ons e-pos sodat ons kan verifieer of dit volledig en korrek is. Sodra dit geverifieer is kan u die oorspronklike aansoek-pakkie na SAWPA se kantoor koerier.

Groete
BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige derdeparty stellings wat in die nuusbrief gemaak word nie.